# Die DROOMGENOOT

## HERFS 2021

droom
DIENS AAN RIVERSDAL
& omgewing

# Die DROOMGENOOT


Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,

*Ek hoop dit gaan nog goed met almal – fisies en emosioneel. Hierdie "emosioneel"gesond wees is 'n groot woord en groot on-ding vandag. Almal sukkel – sommiges het hul werk verloor, ander het familie/vriende verloor/party het ook van hul eie gesondheid verloor. Ons is dalk nie meer so mobiel en gesond soos 'n jaar gelede nie. Dit laat ons onseker voel en as ons alleen is, maal al die negatiewe goed in ons kop en maak ons emosioneel siek.*
*Ek is seker daar is sterker mense wat makliker deur negatiewe gebeure en emosies werk as ander, maar ons moet ook die empatie en geduld hê met die wat minder sterk is en hulle ondersteun.*
*So breek my gunsteling seisoen aan – HERFS!! Die sonsopkoms is mooier, die herfsblare vertel 'n storie van hul eie en ook die dae is mooi. Ons kry steeds die vreeslike warm dae, maar dan word dit afgewissel en verlig deur 'n lekker reënbui en kan ons en die plante weer asemhaal.*
*Vandag is Palm Sondag en dit lei die week in na Paasnaweek. Wees rustig en geniet jul Paasnaweek en dink aan wat die betekenis daarvan is. Ek weet vir sommiges beteken dit net 'n lekker lang naweek van kuier/rus/paaseiers eet, maar vir baie van ons is dit 'n heilige tyd en besef ons net weer waardeur Jesus moes gaan om vir ons sondes te sterf sodat ons die ewige lewe kan hê.*
*As julle weg gaan vir die naweek, wees asseblief versigtig op die paaie en keer veilig terug.*

Groete
Lise Veldsman
Tel: 082 776 2595
Faks: 086 6133 804
E-pos: lise@droomriversdal.co.za

*EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is*






# UIT DIE BAAS SE STOEL

Dagsê lesers,


Vandag kan ek met 'n goeie gemoed met u gesels. As gevolg van die verslapping van die inperkingsreëls is ons inwoners gedeeltelik uit die "tronk" gelaat.
Ek was vandag in die dorp en ek dink nie dat daar enige inwoners in die tehuise oor is nie. Almal was op hul dorp uitstappies en die aankope het gevloei (al was dit onnodige dingetjies.)
Dit was so lekker om vir die inwoners te kon aankondig dat hulle die tehuise op sekere dae kan verlaat. Die gesigte het gegloei en die gemoedere en emosies was dadelik verhoog. Kyk as 'n dame haar hare en naels kan laat doen, is die Kaap mos Hollands.
Baie projekte moes gedurende die afgelope jaar agterwee gebly omrede kontrakteurs nie die tehuise kon binnekom. Ook maar goed dat alle projekte betyds gestop is, want die onbeplande aankoop van PPE klere en "sanitizer" (dromme vol daarvan) het 'n groot gat in ons finansies gemaak. Ook was daar 'n lang tyd waartydens ons inwoners verloor het, maar nie toegelaat was om enige opnames te doen nie.
Ondanks al die terugslae het bestuur daarin geslaag om die bal aan die rol te hou.
Aan die einde van die boekjaar is dit dan my voorreg om my bestuur te bedank vir hul samewerking asook ons versorgingsafdeling wat gedurende die inperking hulle alles gegee het. Dit is besonderse mense wat ons ouer persone met soveel liefde en passie kan versorg. Baie dankie vir jul lojaliteit.
Dit bring ons dan weer by die jaar se begroting en wat 'n kopseer is dit nie. Die platval van die ekonomie het geweldige verhogings tot gevolg en aan die uitgawe kant word ons geweldig hard geslaan.

Dit het natuurlik ‘n rolbeweging wat weer neerkom op twee dinge - Inwoners se losies asook die verwagting van fondsinsamelinge wat weer ‘n groter las op bestuur plaas. Ons sal die komende jaar totaal anders moet kyk na bemarking en fondswerwing.

Ons as beheerraad het dit wel goedgedink om die losiesverhoging so laag moontlik te hou. Ons kan net vra dat almal ons in hul gebede hou tov wysheid en krag.

Alle dank aan ons Hemelse Vader wat ons staande gehou het gedurende die afgelope jaar. Alle eer aan Hom

Chris Veldsman
Bestuurder
DROOM






Die enigste voël wat dit waag om 'n arend te pik is 'n kraai. Hy gaan sit op die rug van die arend en pik sy nek. Wat 'n les vir ons is, is dat die arend nie die kraai beveg nie. Die arend span sy vlerke net wyer en styg al hoër op in die lug. Hoe hoër sy vlerke hom neem, hoe moeiliker raak dit vir die kraai om asem te haal en dan val die kraai net af weens 'n suurstof tekort.
Moet nooit reageer of jou energie vermors op die kraaie van die lewe nie. Neem hulle net na jou hoogtes en hulle sal vanself afval. Die duiwel gebruik kraaie om jou van agteraf te pik.
Jesaja 40:30: Maar hulle wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die van 'n arend.

**Die laaste reis** (Uit Vonkelkyk op die lewe - *Elsabè Aldrich)*

Ek ry nou die dag agter 'n lykswa. Daar is 'n wit kol agterop. Toe ek naderkom, sien ek iemand het wraggies 'n plakker opgeplak: ARRIVE ALIVE! Ek dag eers dit is vreeslik ontstigtelik. Is daar nie meer respek vir die dood nie? Maar toe dink ek 'n bierjie dieper. Almal wat glo dat die dood nie die einde van die reis is nie, maar die deurgang na die Groot Avontuur wat uitstrek tot in ewigheid, behoort aan te dring daarop dat hulle eendag so 'n ARRIVE ALIVE-plakker op hul lykswaens wil laat pryk.
Die toppunt van geluk is om so te lewe dat ons eendag daar by die Groot Prysuitdeling sal kom en die woorde hoor: "Jy het die droom ontsyfer en bewaarheid met al die toerusting wat Ek aan jou gegee het. Jy het gewoeker met jou talente. Jy het liefde geleef. Welkom tuis, my kind!"
Ek hoor al hoe lag die engele van vreugde.

## ***SOSIALE BYEENKOMSTE***

Met die skryf van hierdie Droomgenoot uitgawe is dit reeds dag 78 van die Nuwe Jaar. Alhoewel nog betreklik jonk, het daar alweer baie gebeur op alle terreine - hier by Droom ook en word daar elke dag gestrewe om te verbeter, om uitdagings te hanteer en te minimaliseer.
So kon daar nie by tehuis Ou Meule aktiwiteite aangebied word met die opening van die Droomkantoor in die Nuwe Jaar nie en het aktiwiteite eers 'n aanvang kon neem teen die 1ste Maart. Dit was 'n heerlike ervaring om al die Inwoners te kon groet op Maandag 1 Maart met kamerbesoeke. Die besef het weereens kom lê, soos wat ek van kamer tot kamer beweeg, dat die Inwoners nie van groot dinge afhanklik is nie, maar die klein dingetjies, oogkontak, 'n glimlag, 'n bietjie stilstaan en luister, 'n soentjie blaas - dit is die salf vir hulle siele en vir myne ook. Ek voel so klein en nederig in die Inwoners se teenwoordigheid wanneer hulle die Here loof en prys in die huidige uitdagende inperkings omstandighede.





En natuurlik wanneer daar ietsie te ete saam met 'n besoek geneem word, soos 'n pakkie 'cheese puffs', dan blink daardie oë omtrent, iets baie kosbaars om te aanskou.

Geestelike besoeke is soos manna uit die hemel, net om te hoor dat die Here in beheer is en by hulle is ongeag wat. Humor bly glad nie agterweë nie en daarvoor het Vetkoekpaleis episodes gesorg asook die vertoon van snaakse diere video's. Klei-aktiwiteite is ook van die aktiwiteite aangebied om die hande en vingers oefeninge te gee.





'n Groot bederf was koek, geskenk deur die Riversdal Tuinbouklub, vir elke Inwoner, verpleeg-, kantoor- en skoonmaakpersoneel. Heerlike groot stukke, net die beste.
Vanaf 8 Maart het al die Inwoners die blye tyding ontvang dat inperkingsregulasies verslap word en dit het beteken dat hulle vir die eerste keer in amper 'n jaar weer self dorp toe kon gaan. Daar is getof en getooi, met groter glimlagte en blinker oë was die Kaap amper weer Hollands. Deel van die vreugde was om weer pad te kon vat, letterlik en figuurlik.

Tehuis Jan Lange kon vinniger uit die blokke wegspring met verskeie aktiwiteite. Met die intrapslag is daar begin met 'n heerlike waatlemoen-fees (8) met waatlemoene wat besonders soet was. Handvaardighede is deurentyd aangebied en is daar begin om blikkies met tou te versier (9), klipkuns (10) en andere. Vrydag-oggende word DVD's vertoon wat 'n hele verskeidenheid temas dek, om seker te maak daar is iets vir almal om na te kyk. Voor die inperkings reëls verslap is, was daar die geleentheid om twee maal per week te gaan stap, vir sommiges Inwoners net 'n tyd om te ontspan maar vir ander 'n daadwerklike tyd vir oefening in die kort ruk buite toegelaat (11).
Leefreg en Woonstel Inwoners het ook 'n waatlemoen-fees gehou. Hulle het omtrent gesit en smul aan heerlike groot waatlemoen-skywe, dit was nou propperse waatlemoen-vreugde.





Daar is ook begin om Vrydag-oggende bymekaar te kom vir hul weeklikse 'Koffie-dinge' tyd waarna daar dan ietsie lekkers te ete is met allerlei geselsies, vasvrae, raaisels en self om net saam te sing.  Die tyd saam is goed vir verhoudingbou, om na mekaar te luister met die wete dat almal saam swaarkry en mekaar nodig het, ag sommer net bymekaar te wees en te weet dat alles 'okay' gaan wees.
Die naam-kompetisie van die tehuise se Eetsale asook die braai-area by die Leefreg en Woonstelle is gefinaliseer met al die Inwoners wat in afwagting wag vir die uitslag. Met die volgende Droomgenoot uitgawe sal daar volledige terugvoer wees oor wat hier gebeur het.




Die winter kruip nader met die son wat al hoe later wakker word in die oggende.  Mag herfs en die koue van die naderende winter slegs op jou vel gevoel word en nie in jou hart nesskop  nie, mag jou hart warm klop met die wete van God se Genade en Liefde vir ons almal.




**O liewe land** *(Elsabè Aldrich)*
Ons lewe in 'n fassinerende land, waar diefwering en lemmetjiesdraad op jou tuinmure glad 'n verkoopspunt vir jou huis kan wees, waar mense wys hulle is ontevrede deur te sing en dans, waar onwettige immigrante die land verlaat, want dis te gevaarlik hier.  Waar anders as in Johannesburg kan 'n mens jou motor parkeer, 'n paar blokke verder stap en jou eie motorbande teen halfprys terugkoop?  Die adrenalien en die endorfiene pomp saam in die bloedstroom:  ons leef nog om die storie te vertel.  Daar word volgens die statistieke meer tweelinge in ons land as elders gebore.  Selfs ongebore babas weet daar is veiligheid in getalle.

Ek hoor ons kry binnekort 'n nuwe nasionale voël. Die land moet glo kies tussen *Kentucky Fried Chicken* en *Nando's.*




**OF**

Nando's

**Vir pensioenarisse: Oudword is nie vir sissies nie!**
Ok na seker omtrent twee ure in die MRI-tonnel het hulle toe vandag die volgende uitgevind: 'n Senuwee wat van C3 of C4 af loop is blykbaar afgeskeur. Dit veroorsaak dat ek nie my skouer kan optel nie. Dit kan geopereer word of dit groei blykbaar terug teen 'n mm per maand ……… regtig?? Nou kyk ek myselwers so in die spieël en ek sien arms soos 'n gorilla mannetjie. Teen daai spoed wat die senuwee teruggroei sal dit teruggegroei wees oor 200 jaar van nou af tot wanneer 'n argeoloog my karkas opgrawe. Verder het die geleerde dokters agtergekom dat die spier in my skouer in die lengte geskeur en gesplit het en die cavity is blykbaar nou vol vog ………..sowaar?????
Die jockey wat die plate gevat het vra my in watter lelike ongelukke ek al vroeër was. Daar is volgens hom tekens van tientalle vroeëre beserings.
Regtig???? Dis Afrika boet, 'n boerseun lyk maar later van tyd so.

Maar kyk, vir my in daai flippen tonnel inkry ………. nie weer maklik nie. Eerste plek is, om in daai rok te lê is nie vir my nie. Watter sadis het so 'n onpraktiese ding gestaan en uitdink?? Om alles dan net verder te kom kompliseer kom die lawwe niggie nog en jack my bene in die lug op dat ek kan pas in die masjien. Ai nee, almal wat daar verbystap kon my kroon-juwele sien – dan kom vertel sy my dat sy al baie so iets gesien het. Nee, nee, nee, sy het seker ander al gesien, maar nog nie myne nie.

Dan kom die moeilikheid – hulle kom pers die klein lyfie van my in daai tonnel op soos met 'n worsmasjien – die ding is hopeloos te klein vir my!! Hou dan nog in gedagte dat hulle so 'n windpompclamp-ding hier onder my neus verby vasmaak dat ek amper nie my oë kan knip nie. Die oorfone wat ek moet aanhê pas ook nie, want my kop is te groot en daar is nie spasie tussen die klampe en my kop nie.

Nou vertel die niggie my ek moet tjoepstil lê – ek mag nie sluk of hoes nie. My aarde, hoe doen mens dit? Nou byt ek aan daai rokershoesie en sluk net as die masjien vir 'n paar minute stil raak wanneer hy aanblaai. Die gedoef van die masjien is erger as 'n sjibeen-party.

En ewe skielik het ek die koning van alle poepe – ek weet nie waar die niggie is nie – so ek is te bang om hom los te laat. Ek lê ernstig en beplan hoe ek hom gaan loslaat sonder dat iemand hoor.

Intussen traai ek verwoed daai hoesie ook inhou – en ek traai nog asemhaal ook in die worsstopper wat voel asof hy al kleiner word. Met die wen daai hoesbui en ek kan nie meer keer nie. Die derde hoes en die masjien raak stil en ek backfire. Ek dink selfs daai rok het gefladder van die hoeveelheid wind. En toe vat die niggie aan my been en vra of ek ok is.
Daar was nie tyd of krag om my airbrakes te probeer vasmaak nie. Gelukkig kon ek nie die niggie se gesig sien nie en sy kon ook nie myne sien nie. Ek het nederig om verskoning gevra en het nadat hulle met my klaar was, so gou moontlik my klere gaan aantrek. Ek en die niggie kon mekaar nie na die tyd in die oë kyk nie, maar dit het amper gelyk asof sy wou uitbars van die lag. Ai, ai, ai, kan 'n man jou integriteit so verloor???
Oudword en seerkry is nie vir sissies nie.



## VONKE UIT DIE VUURKLIP deur Mnr J Oosthuizen

AG MAN, GAAN *SKATE* OPPIE YS.

Dis mos so 'n lekker alternatief vir "ag man, gaan blaas doppies". Dis wat ek eendag vir 'n dame wou sê, dit nie gesê het nie en toe *skate* ek saam met haar op die ys. Dis nou een van daai goed wat jy jou nooit sou kon indink, ooit met jou sou gebeur nie – en dan gebeur dit.

Ek was opsigter by die skool in Engeland waar ek vir die tweede keer uit die onderwys afgetree het en toe die opsigterspos aanvaar het. Dis was 'n sneeujaar en dit het gesneeu soos dit in jare nie gesneeu het nie. Soms het die hoof die leerlinge uit die klaskamers losgelaat om in die sneeu te baljaar. Dit was onbeskryflike pret en baldadigheid.

As die snerpende winde begin waai en die son agter die wolke weggekruip het, het die sneeu verys om die gevaarlike *black ice* te vorm Waar daar nie sout gestrooi is om die ys te laat smelt nie, het dik, gladde en gevaarlike ysoppervlaktes gevorm.

Die weersomstandighede het veroorsaak dat baie leerlinge wat normaalweg skool toe sou stap, skool toe aangery is. Dit het ernstige parkeerprobleme veroorsaak as ouers hulle bloedjies weer by die skool kom haal het. Op sulke dae was dit my taak om spietkop te speel, verkeersknope te ontknoop en te sorg dat almal darem parkeerplek kry.

Ek was op my pos toe die dame (vroumens) in haar spoggerige nuwe Landrover langs my stilhou. Haar hare het pikswart in slierte gehang en 'n donker bril het haar oë verberg. Tussen haar bloedrooilippe was 'n sieghret (sulke vrouens rook nie sigarette nie) en met die sieghret wat op en af wip wou sy by my weet waar sy 'n *f******ng parking space* kon kry. Voor ek kon antwoord het sy 'n trek gevat, haar lippe skuins op 'n tuit getrek en die toksiese rook weg van my af uitgeblaas. Goeie maniere!

*If you don't mind,* het ek op my hoflikste gesê en toe vir haar beduie waar daar nog parkeerplek was. Sy't my heftig, met die onnodige f-woorde, laat verstaan dat sy die *Head Mistress* dringend moet sien en dat sy nie so ver oor *extremely dangerous black ice* wou loop nie.

Man, maar toe wip ek my en smalend vra ek of sy sal omgee as ek die hoof gaan roep en dan kon sy sommer hier op straat met haar praat. Toe wip sy haar, draai om en gaan parkeer, van die straat af, op 'n skuinste wat afloop na 'n stormwatersloot.

Toe sien ek 'n amper koddige prentjie. Nousluitende broek, waarin sy as't ware gegiet is. Hoë polvy skoene en 'n bloes wat beswaarlik haar bates bedek. Toe ek haar so sien aankom, het ek gedink aan 'n kameelperd koei wat haastig loop. 'n Nuwe sieghret het op en af gewip en sy is met 'n lekkerkry grynslag by my verby. Haar lyftaal het vir my duidelik gesê: *Don't mess around with me!*

Deur die draaihek het sy koers gekry Ontvangs toe. So in die loop het sy die die sieghret eenkant toe gegooi. Jintelman wat ek is, het ek die nat, stinkende ding gaan optel en voordat sy die deur bereik het, was ek langs haar. "Excuse me, my lady", seg ek op my beste Ingels, "you dropped your fag (cigaret)" Wat sy te sê gehad het, verswyg ek terwille van ordentlikheid en my goeie naam.

Ek is toe terug straat toe en terwyl ek my werk doen, het ek 'n vreemde geluid gehoor. Amper soos 'n slag en toe ek kyk het ek gesien hoe die Landrover afgegly en toe in die stormwatersloot beland het. Dis nou seker nie mooi van my nie, maar dit was asof daar so 'n lekkerte op my neergesak het. Ek kon nie wag dat die vroumens dit moes aanskou nie! En toe kom sy terug.

Kyk, dit was ‘n spektakel! Die gillende vrou met vinnige kameelperdtreë tot op die sypaadjie. Daar sien ek toe ‘n ding wat ek nog nooit gesien het en nooit weer sal sien nie: ‘n Swetsende vrou wat ‘n veryste sypaadjiemoer gooi, soos g’n Ingelse wettertjie in ‘n winkel dit kan doen nie! Dit was nogal ‘n mooi soort van ding, maar die mooiste het voorgelê.

Toe gebeur daar ‘n ding wat jy ook net eenkeer in jou lewe sien. Haar voete, met polvye en al het onder haar uitgegly en sy gly toe met haar volle lengte half onder die Landrover in. Haar stryd om daar uit te kom was nogal ‘n petalje en Jintelman wat ek is, het ek onbeskaamd, laggend hulp gaan probeer verleen.

Ek besef toe dáár gaan ek haar nie uitkry nie en nadat ek haar tot bedaring probeer bring het, het ek omgevlie en ‘n besem gaan haal. Terug by die ongelukstoneel het ek op die rand van die verysde sypaadjie my staan gekry. Intussen het die skaretjie toeskouers groter geword. Ek hou toe die besem na haar toe uit en sê sy moet aan besem vashou en dan trek haar uit. Teen daai tyd al, van die koue nattigheid, so sag soos ‘n lammetjie.

Sy vat toe die besem vas maar toe kom daar ‘n foutjie. In plaas daarvan dat ek dink aan my vastrap, is ek toe meer bekommerd oor haar vasvat. Ek dag nog ek staan, maar toe’s my voete onder my uit en ek is onstuitbaar die gladde skuinste af. Man, ek tref die arme vrou met my volle lengte en ek val nog dieper onder die Landrover in. Die skare het laggend gejuig! Natuurlik was daar ook die besorgdes wat hewig ontsteld was oor die lot van die *poor suffering woman*.

Ek kon nêrens vasvatplek kry om my uit die benarde posisie uit te red nie. Daar lepellê ons twee toe, half onder die Landrover in, op ys. Dit was seker iets wat lekker sou kon word – so ‘n bietjie warmmaak op die ys, maar in die lig daarvan dat dit ‘n buite-egtelike lepellê was, het dit maar ‘n ysige spul gebly.

Die toeskouers se raad het niks gehelp nie en toe kry een van hulle ‘n blink gedagte en bel ‘n noodnommer. “Hold on!” het sy gesê. “The Fire and Rescue team will be here in a minute!” Sekondes later het ek die gehate en irriterende geloei van sirenes gehoor en skielik was dit soos musiek in my ore.

Paraat en toegerus vir enige gebeurlikheid het die *Team* ons, onder luide toejuiging, daar uitgekry. Vir haar het hulle vertroos en vertroetel, in ‘n kombers toegedraai en ‘n lêplekkie gegee. Ek het huis toe gestap waar ‘n lekker warm stort die koue uit my lyf uit verdryf het.

‘n Ruk later het ek gaan kyk. Die Landrover was weg, maar in die sloot het ‘n pakkie Marlborough, ‘n aansteker en ‘n skoen gelê. Al bewys van ‘n skreeusnaakse dramatjie wat hom daar afgespeel het. Ek sal dit nooit vergeet nie – vir haar vergeet nie. Ek wonder of sy my nog onthou – en nog die swernoot in is.

**Groete tot ‘n volgende keer**



**VANUIT DIE VERPLEEGAFDELING**
2021 is al 3 maande oud. Al wat 'n mens nog van hoor dag en nag, is COVID - die vlakke van inperking, was jou hande, dra 'n masker, behou afstand, ontsmet jou hande. Nooit het ons gedink dat bogenoemde amper die nuwe norm geword het van ons daaglikse samelewing. Om te dink met 2020 se skrywe van die DROOMgenoot was daar net 7 mense in Suid Afrika wat met die virus besmet was. Nou 'n jaar later is daar al 1,530,966 mense wat die virus opgedoen het en 51,560 sterfgevalle. Wêreldwyd, tot en met hierdie skrywe, is al oor die 121 miljoen positiewe gevalle aangeteken, met meer as 2,6miljoen sterfgevalle.
Ek glo nie baie mense het hierdie virus aanvanklik ernstig opgeneem nie, maar soos die virus nader aan jou huis kom en aan jou voordeur klop, dink ek menige sienings het drasties verander. DROOM self het onder hierdie virus deurgeloop – bejaardes en personeel was siek. Daar is sommige tehuise wat erg deurgeloop het en daar was sommige wat genadiglik nog geen gevalle gehad het nie.
Die beskermingskern teen die virus is en bly maar nog dieselfde:

1. Was jou hande vir minstens 20 sekondes
2. Ontsmet jou hande met 'n ontsmettingsmiddel wat ten minste 70% alkohol bevat;
3. Dra jou masker te alle tye in die publiek;
4. Vermy fisiese kontak, maw behou jou afstand met ten minste 1,5meter.
5. Moenie aan jou gesig of oë vat nie.
6. Nies of hoes in 'n sneesdoekie wat weggegooi kan word.

Met alles wat in die afgelope jaar so verander het, kan mens net ewig dankbaar wees indien 'n mens nog gesond is. Ons harte gaan uit na almal wat geliefdes of vriende aan die dood moes afstaan as gevolg van die virus.
Die nuutste nuus is nou die entstof wat gegee gaan word. Daar is soveel praatjies oor die radio en nuusberigte oor watter entstof beskikbaar gaan wees, wie ingeënt gaan word en wanneer. Die eerste fase is om die mediese personeel, dws dokters en verpleegsters dwars oor die land in te ent, die tweede fase is polisie, gevangenisse, bejaardes oor 60 en dan laaste, die res van die bevolking. Niemand gaan gedwing word om die entstof te neem, dit is heeltemal vrywillig. Maar om watter entstof te neem, lyk en klink nog na 'n miljoen vrae.

**Hoe word COVID-19 behandel?**
Behandeling is slegs ondersteunend bv. om suurstof toe te dien vir persone wat koors of kort van asem is. Daar is geen anti-virale middel beskikbaar nie. Antibiotika word nie gebruik vir virale infeksies nie, behalwe as sekondêre bakteriële infeksies ontwikkel.
**Wat moet ek doen indien ek moontlik met 'n besmette persoon in aanraking kom?**
**Hou uself afgesonder en kontak u geneesheer telefonies.**
**Kontak: General Public Hotline: 0800 029 999**
**Maandae – Vrydae vanaf 08:00 – 16:00**

**DIE PSIGIESE VERSORGING VAN OUER PERSONE IN COVID-19**

Gesryf deur Dr O Stander van JJ Watson tehuis in George

## INLEIDING

Die hele wêreld gaan al amper 'n jaar lank gebuk onder die Covid-19 pandemie en nou het 'n tweede vlaag Suid-Afrika getref. Ons kan die pandemie, met al sy uitdagings, bestuur deur die navolging van internasionale en nasionale protokol. Daar is egter een aspek van die pandemie waarvoor daar nog geen protokolle is nie en dit is die psigiese versorging van mense wie se sosialisering (kontak met die onmiddellike omgewing) ingeperk is. Diesulkes sukkel om die aanpassings positief aan te pak. Daar is ook 'n groep wat net eenvoudig nie die ingeperktheid kan hanteer nie en vir hulle is dit 'n traumatiese belewenis.

Dit wat aan die persoon bekend was, soos byvoorbeeld sy ruimtelike spasie, word ingeperk. Hy mag nie meer besoekers ontvang nie, sy geestelike leefwêreld, die kerk, is nie meer toeganklik nie, groot gebeurtenisse in sy lewe soos verjaardae, begrafnisse en troues kan hy óf nie meer bywoon nie óf slegs in 'n beperkte mate. So 'n persoon ervaar angs en kan later in depressie verval.

Van uit owerheidsweë was daar van meet af aan 'n baie groot premie op die versorging van ouer persone in versorgingsoorde geplaas. Protokolle is met onmiddellike effek uitgerol en instansies moes dadelik die nodige produkte aanskaf, personeel is opgelei hoe om dit te gebruik en inwoners is bewus gemaak van onder andere die dra van maskers, sosiale afstand, was van hande en die in en uit beweeg van inwoners. Die maatreëls is reg en aanvaarbaar, maar 'n groot leemte is dat daar geen advies vir die psigiese versorging van ouer mense nie.

## REAKSIES VAN OUER PERSONE OP NASIONALE VLAK

Op 'n navraag oor hoe ouer persone op hierdie ingeperktheid reageer, is daar hier ter plaatse soos volg reageer. Op 18 Julie 2020, skryf 'n sekere Louisa in die elektroniese uitgawe van *Die Kerkbode* , ..."*Dis absoluut hartverskeurend. Die wrede manier hoe mense se reg tot menswees net misken en geïgnoreer word. Ek dink baie sterf net eenvoudig van eensaamheid, verlange en verwerping. Ek hoor ook hoe my vriendinne bekommerd is oor hul ouers se emosionele welstand".* In die tehuis, Highlands, in Kaapstad skryf 'n inwoner. "...*The past months were a nightmare: meals in our rooms, no contact at all and it was exercise in endurance. The worst for me during lockdown was having meals in my room. The lockdown left me anti-social and I have become a recluse."*

Uit Knysna skryf 'n familielid van 'n inwoner in Huis JJ Watson in George, "... *they experience a frightening and confusing world."* 'n Inwoner van dieselfde tehuis ervaar die grendeltyd so, *"...Sir I feel neglected*." Met ander woorde sy het begin agterkom dat iets verander het." Iemand anders het gesê, *"...wens ek kan net begin slaan."*

## REAKSIES VAN OUER PERSONE BUITE DIE GRENSE VAN ONS LAND

Dit was vir my belangrik om te probeer uitvind of ouer persone in die buiteland ook dieselfde probleme ondervind. Ek het 'n paar versoeke gestuur en die volgende was die reaksies.

Die belewenis van die inperking word ook in Europese lande gevind. Vanuit **België** het meneer Phillip Boschuyt die volgende van sy skoonma rapporteer, ..."*mijn schoonmoeder is 97, en heeft die grote oorlog meegemaakt en is nog bij haar verstand. Nu mogen zij hun kinderen of klein kinderen niet meer zien, men spreekt*

*dat zij in een concentratiekamp zitten en mijn schoonmoeder weent opreg. Die mensen hebben oorlog en honger gekend, en nu weer dit, wij moeten nadenken! Oude mensen veswakt en dit is heel erg, maar in afzondering moeten sterven met robotten rond u. Er moet rekening gehouden worden met hun emotionele welstand, en het daar is het laaste woord nog niet over gezegd! "*

Daar is ook reaksie van Jos Jansen van Lorkeers, **Nederland** gekry. Sy vrou is 'n verpleegster in die plaaslike "Rusthuis" en een van haar bevindinge is dat "...*de bewoners: huilen en verdrietig zijn"*

Uit Noord Brabant**, Nederland,** het Dorine van den Broek soos volg oor haar skoonpa reageer, "… *ook mag de activiteiten begeleidster (vrywillige werker) niks meer doen. Emotioneel gaan de mensen stuk van eenzaamheid en verveling. De mensen kwijnen weg van verdriet omdat ze hun kids niet meer kunnen zien,'t maak ze geestelik verder stuk door alle emotie."*

Die psigiese impak van die grendelstaat manifesteer nie net by inwoners in versorgingsoorde nie, maar ook die wat **tuis** versorg word. Uit die stad **Lima in Peru** berig 'n mediese dokter, Guillermo Pino, dat sy 87 jarige moeder en 97 jarige tannie by hulle aan huis bly. Daar mag slegs 1 persoon per huis vir 'n uur na die winkel gaan vir kruideniersware. Vir die twee ouer persone is die inperking baie frustrerend. Jos Jansen noem ook dat *"...Mijn schoonmoeder van 86 is weduwe en woont nog in het huis waar ze sinds haar huwelijk 61 jaar geleden, is. Normaal gesproken krijgt ze elke week wel een paar keer bezoek maar vanwege Corona bleven die mensen, zelf ook al ouder, uit voorzichtigheid weg. Ze voelde zich daardoor erg alleen. Ze is in het verleden depressief geweest en we vreesden dat dit terug zou komen. "*

Ek het die volgende reaksie vanuit **Spanje** gekry en die inhoud spreek vanself.

"*Marcos is a 69-year-old man who lives in Madrid, Spain and suffers from Alzheimer's disease. His illness is not very advanced, but even though he lives in his house, he needs assistance with the most everyday things. He hired a lady to help him with the food, wash his clothes and iron them. She also accompanied him to the doctor and bought necessaties in the supermarket and the pharmacy. The best moment of the day was when they went for a walk in the park and ate ice cream, while Carmen, his maid, read him a chapter from her favourite book. In March 2020, a virus comes into our lives in the form of a pandemic that paralyzes the world. This forces Marcos to stay home and change his daily routine. Marcos lived alone and his only company was Carmen who came to his house six hours a day. Circumstances force Carmen to take care of her family and not be able to continue working with Marcos, forcing Marcos to go to the home of one of his children. This new situation affects him emotionally and to lose contact with the street and his walks in the park and other routines of the day. His son is not used to living with him, which causes many confrontations between them. Marcos feels sad, bored, and disoriented. He spends nights without sleep and his Alzheimer's grows each day. He has not seen his neurologist for more than 10 months and his medication is not reviewed. Currently Marcos spends many hours lying in bed with great anxiety, aggressiveness and hardly ever eats. His son is very worried, and he does not know how to help his father. He also feels the emotional changes that this pandemic is generating in society."*

Uit bogenoemde besef ons dat daar 'n groot leemte in die versorging van die bejaarde in versorgingsoorde is, maar ook by die bejaarde in die gemeenskap. Om die probleem aan te spreek en te probeer oplos is by Huis JJ Watson met die volgende begin. Van die idees kan ook by ander fasiliteite gebruik word.

By Huis JJ Watson het ons vanjaar met ‘n program begin waar inwoners die geleentheid kry om op ‘n baie informele manier met mekaar deur gesprekvoering van hulle opgehoopte vrese en frustrasie ontslae kan raak. Dit is uiters belangrik dat ouer persone, en eintlik ons almal, die geleentheid moet kry om met ander oor sy emosionele belewenisse te kan praat. (Dieselfde idees / aktiwiteite kan ook gebruik word wanneer Covid nie meer by ons is nie.)
Graag noem ek ‘n paar aktiwiteite wat ons gebruik het. Elke program kan op hulle eie hiermee begin en hulle eie onderwerpe kies wat by hulle inwoners aanklank gaan vind.

**METODE**

Ons begin met een oggend per week en daar moet in gedagte gehou word dat die hoofdoel is om die inwoners  aan die gesels te kry. Gedurende ons eerste aktiwiteit was die vraag hoe hanteer ek verandering in my persoonlike lewe? Bv Jare gelede het vrouens hoedens gedra as hulle kerk bygewoon het, later het hulle begin om ‘n langbroek kerk toe aan te trek. Hoe het u die verandering hanteer? Daarna kan u die gesprek lei deur te vra hoe hulle die inperking hanteer het.
Elke program kan self idees uitdink om die inwoners aan die praat te kry. Ek stel egter voor dat die aanbieder baie fyn moet luister na die antwoorde om daaruit die gesprek te kan lei sodat die daar so veel moontlik ontlading kan wees.
Baie sterkte vir elkeen.

*Defnitief iets wat DROOM na gaan kyk om ook ons bejaardes beter te kan verstaan oor hoe hulle regtig voel............*

**Listen**

Instead of waiting to jump into a conversation, slow down and really listen to what somebody is telling you.
You will feel a better connection to the person you are talking to if you understand their views.
And a better connection equals increased levels of contentment within a relationship.

Tot ‘n volgende keer
Vreugdevolle groete
Linda Botha



Liewe Droomgenoot leser,

Dit is herfs – die tweede "covid-herfs". Ja, verlede jaar hierdie tyd was ons in vlak 5 van die covid-inperking. Ons is tans in vlak 1 en baie water het in die see geloop sedert DROOM se inwoners op 18 Maart 2020 gehoor het dat hulle vir 'n onbepaalde tydperk algeheel ingeperk word.
Kom ons hoop dat herfs 2022 weer 'n "gewone herfs" gaan wees – nie 'n "covid-herfs" nie.

Hier gaan ons weer met …………

**'n Vervolgverhaal sonder einde:**
**Hoofstuk 27: 'n Derde vlaag van die pandemie of nie??????**

Ai, ons wil so graag glo dat die nare virus besig is om te wyk, maar soos met so baie ander dinge, weet ons nie meer wat om te glo nie. Daar is al meer voorspellings dat die derde vlaag covid-virusse op pad is en ons spits tog so graag ons ore vir allerhande voorspellings.

Daar is entstof beskikbaar, maar ook oor die entstof is daar baie bespiegelings. Party nuusberigte sê die entstof is nie effektief vir die tweede covid-virus, wat so baie Suid-Afrikaners ernstig siek en doodgemaak het nie. Die een ooomblik hoor ons die entstof veroorsaak bloedklonte en die volgende oomblik hoor ons dit is snert – die entstof is effektief. Is dit effektief of is dit nie????? Om ingespuit te word of nie is elkeen se eie besluit – niemand word verplig om ingespuit te word nie.

Ek wil baie graag hê dat ons ons nie moet ons steur aan allerhande voorspellings en bespiegelings nie. Ek weet ons is net mense, maar vanaf dag een van die inperking het ons God se genade in meer as een opsig ervaar. Van DROOM se inwoners en personeel het siek geword, ja, maar slegs een inwoner in die tehuis is oorlede aan covid. Een van DROOM se oudste inwoners het covid gekry en gesond geword. Dit op sigself is 'n wonderwerk – dit het nie sommer net gebeur nie – daar is baie gebid.

Niks keer ons mos om ernstig te bid en te glo dat die derde vlaag van die pandemie waarvan gepraat word, net nooit sal gebeur nie. Ek sê weer ons is net mense, maar hoekom laat ons toe dat voorspellings en bespiegelings ons ontsenu en ons gedagtes negatief beïnvloed?
Genadige Vader, hou U hand van beskerming deur hierdie herfstyd en vir altyd oor al DROOM se inwoners en personeel – dankie vir U genade – laat U wil geskied.

Groete tot 'n volgende DROOMgenoot.

Coreen




**Wat is ‘n allergie?**

‘n Allergiese reaksie ontstaan tipies wanneer die liggaam iets wat skadeloos is, as ‘n bedreiging ervaar. Die oorreaksie van die immuunstelsel lei tot ‘n allergiese reaksie wat as ‘n uitslag, hoofpyn, swelling van die mond of keel of die aangetaste deel, fluitbors, loop- of toeneus, en/of naarheid manifesteer.
Hooikoors is ‘n lastige allergie, terwyl asma en bysteke lewensbedreigend is.
Reën en swaar neerslae soos donderstorms kan tot asma-epidemies lei, met skielike stuifmeeltoename. Daar is byvoorbeeld nege asmalyers in Melbourne dood na erge donderstorms. Die vog in die lug het veroorsaak dat die stuifmeel in honderde allergeniese deeltjies opgebreek het en wydverspreide asma-aanvalle veroorsaak het.

**Vreemde allergieë**
Met die draai van die seisoene gaan baie Suid-Afrikaners onder allergieë gebuk, maar dit wil voorkom of ons boonop deur baie rare allergieë geteister word.
In ‘n onlangse opname onder 1 772 allergielyers het dit uitgekom dat Suid-Afrikaners baie meer allergieë as net vir stuifmeel het:
36% kry ekseemagtige simptome van juweliersware.
25% is vir sekere vrugte allergies.
21% kry uitslag as hulle tyd in die son deurbring.
17% ly aan drukking-urtikaria, wat beteken dat hulle nie stywe klere kan dra nie en kan nie te lank sit, teen iets leun of aan iets raak nie.
17% het ‘n allergiese reaksie vir lugversorgers.
16% is allergies vir sigaretrook.
15% kry ‘n allergiese reaksie as hulle skulpvis soos mossels, oesters, garnale, ens. eet.
15% is allergies vir alkohol (Siestog!!!!)
13% kry ‘n uitslag as hulle aan koue weer blootgestel word.
9% is allergies vir haarkleurmiddel.
7% se liggaam reageer op die eet van sjokolade, met opgehewe velbulte, swelling van die mond en keel en ‘n fluitbors. (ook siestog!!!!!)
6% kla van hoofpyne, hartkloppings en velprobleme wanneer hulle koffie drink.
6% begin hoes en nies en slaan in knoppe uit as hulle met hout werk.
5% is allergies vir gaskoeldrank.
3% ervaar rooiheid, swelling of skilfering rondom hul naels as hulle vals naels opsit.

Al is die persentasies maar klein, veroorsaak dit erge ongemak vir die lyers.
Die feit dat meer as 20% van die ondervraagdes gehospitaliseer of deur noodpersoneel behandel moes word, spreek van die erns van die allergiesimptome en hoe dit mense se lewens beïnvloed.



Mother's Day is a holiday honoring motherhood that is observed in different forms throughout the world. In the United States, Mother's Day 2021 will occur on Sunday, May 9. The American incarnation of Mother's Day was created by Anna Jarvis in 1908 and became an official U.S. holiday in 1914. Jarvis would later denounce the holiday's commercialization and spent the latter part of her life trying to remove it from the calendar. While dates and celebrations vary, Mother's Day traditionally involves presenting moms with flowers, cards and other gifts.

# History of Mother's Day

Celebrations of mothers and motherhood can be traced back to the ancient Greeks and Romans, who held festivals in honor of the mother goddesses Rhea and Cybele, but the clearest modern precedent for Mother's Day is the early Christian festival known as "Mothering Sunday."

Once a major tradition in the United Kingdom and parts of Europe, this celebration fell on the fourth Sunday in Lent and was originally seen as a time when the faithful would return to their "mother church"—the main church in the vicinity of their home—for a special service.

Over time the Mothering Sunday tradition shifted into a more secular holiday, and children would present their mothers with flowers and other tokens of appreciation. This custom eventually faded in popularity before merging with the American Mother's Day in the 1930s and 1940s.

Did you know? More phone calls are made on Mother's Day than any other day of the year. These holiday chats with Mom often cause phone traffic to spike by as much as 37 percent.

The origins of Mother's Day as celebrated in the United States date back to the 19th century. In the years before the Civil War, Ann Reeves Jarvis of West Virginia helped start "Mothers' Day Work Clubs" to teach local women how to properly care for their children.
These clubs later became a unifying force in a region of the country still divided over the Civil War. In 1868 Jarvis organized "Mothers' Friendship Day," at which mothers gathered with former Union and Confederate soldiers to promote reconciliation.

Another precursor to Mother's Day came from the abolitionist and suffragette Julia Ward Howe. In 1870 Howe wrote the "Mother's Day Proclamation," a call to action that asked mothers to unite in promoting world peace. In 1873 Howe campaigned for a "Mother's Peace Day" to be celebrated every June 2.

Other early Mother's Day pioneers include Juliet Calhoun Blakely, a temperance activist who inspired a local Mother's Day in Albion, Michigan, in the 1870s. The duo of Mary Towles Sasseen and Frank Hering, meanwhile, both worked to organize a Mothers' Day in the late 19th and early 20th centuries. Some have even called Hering "the father of Mothers' Day."

Anna Jarvis

The official Mother's Day holiday arose in the 1900s as a result of the efforts of Anna Jarvis, daughter of Ann Reeves Jarvis. Following her mother's 1905 death, Anna Jarvis conceived of Mother's Day as a way of honoring the sacrifices mothers made for their children.

After gaining financial backing from a Philadelphia department store owner named John Wanamaker, in May 1908 she organized the first official Mother's Day celebration at a Methodist church in Grafton, West Virginia. That same day also saw thousands of people attend a Mother's Day event at one of Wanamaker's retail stores in Philadelphia.

Following the success of her first Mother's Day, Jarvis—who remained unmarried and childless her whole life—resolved to see her holiday added to the national calendar. Arguing that American holidays were biased toward male achievements, she started a massive letter writing campaign to newspapers and prominent politicians urging the adoption of a special day honoring motherhood.

By 1912 many states, towns and churches had adopted Mother's Day as an annual holiday, and Jarvis had established the Mother's Day International Association to help promote her cause. Her persistence paid off in 1914 when President Woodrow Wilson signed a measure officially establishing the second Sunday in May as Mother's Day.

Jarvis Decries Commercialized Mother's Day

Anna Jarvis had originally conceived of Mother's Day as a day of personal celebration between mothers and families. Her version of the day involved wearing a white carnation as a badge and visiting one's mother or attending church services. But once Mother's Day became a national holiday, it was not long before florists, card companies and other merchants capitalized on its popularity.

While Jarvis had initially worked with the floral industry to help raise Mother's Day's profile, by 1920 she had become disgusted with how the holiday had been commercialized. She outwardly denounced the transformation and urged people to stop buying Mother's Day flowers, cards and candies.

Jarvis eventually resorted to an open campaign against Mother's Day profiteers, speaking out against confectioners, florists and even charities. She also launched countless lawsuits against groups that had used the name "Mother's Day," eventually spending most of her personal wealth in legal fees. By the time of her death in 1948 Jarvis had disowned the holiday altogether, and even actively lobbied the government to see it removed from the American calendar.

Mother's Day Around the World

While versions of Mother's Day are celebrated worldwide, traditions vary depending on the country. In Thailand, for example, Mother's Day is always celebrated in August on the birthday of the current queen, Sirikit.

Another alternate observance of Mother's Day can be found in Ethiopia, where families gather each fall to sing songs and eat a large feast as part of Antrosht, a multi-day celebration honoring motherhood.

In the United States, Mother's Day continues to be celebrated by presenting mothers and other women with gifts and flowers, and it has become one of the biggest holidays for consumer spending. Families also celebrate by giving mothers a day off from activities like cooking or other household chores.

At times, Mother's Day has also been a date for launching political or feminist causes. In 1968 Coretta Scott King, wife of Martin Luther King Jr., used Mother's Day to host a march in support of underprivileged women and children. In the 1970s women's groups also used the holiday as a time to highlight the need for equal rights and access to childcare.

Baie Geseënde Moedersdag aan alle Mammas, Oumas en sommer alle vrouens wat na kinders omsien.



**COVID HET ALLES VERANDER? OF NIE????**

Covid-19 het oornag die hele wêreld se grootste gemeenskaplike vyand geword en daar hang 'n ongekende paniek oor ons eie land.

Mense  kan nie anders as om paniekerig te raak nie – baie mense het hul werk verloor of moes hul besighede se deure sluit; vir die van ons wat nog 'n werk het, is dit ondenkbaar.  Ons voel skuldig – hoofsaaklik omdat ons so bevoorreg is – ons weet nie hoe om hierdie mense te "troos" nie – wat sê 'n mens vir so iemand? Waar gaan hy of sy weer 'n werk kry?????

Wat dit dalk nog meer vreesaanjaend  maak,  is dat ons wakker, tog magteloos moes toekyk hoe almal se lewens ontwrig en ons vryheid van ons ontneem word. As die virus een ding kom duidelik maak het, is dit ons kwesbaarheid en ons verganklikheid. Die pandemie het die hele mensdom gedwing om hul daaglikse roetine te staak – baie het dit as 'n blaaskans beskou, terwyl ander dit as traumaties  ervaar het.

Ongeag wat ons ervaring tydens die inperking was, wonder ek of ons na Covid nog dieselfde sal kan wees veral met die sterftestatistiek wat daagliks aan ons voorgehou word – soos reeds genoem, is  ons nou deeglik bewus van ons verganklikheid.

Die inperking was egter nie net "sleg" nie – daar was en is skamele voordele. Die inperking het gesorg vir die ruimte om stil te word en introspeksie te hou.  Alkohol was nie vrylik beskikbaar nie – so afhanklikes van die stimulant moes daarsonder klaarkom en het lekker nugter dinktyd gehad. Ouers en kinders moes noodgedwonge meer tyd saam spandeer – dit op sigself is 'n groot pluspunt.

Hier by die tehuise ervaar ons dat inwoners "nader aan mekaar" beweeg het – inwoners is meer aangewese op mekaar. Ons ervaar ook 'n geestelike verdieping. Ons het agtergekom dat omgee nie slegs deur drukkies uitgebeeld hoef te word nie, daar is ander maniere van omgee. Vrywillig of nie, ons almal moes aanpas om die "nuwe normaal" te laat werk.

Wetenskaplikes sê daar moet eers 'n entstof beskikbaar wees voordat alles weer kan terugkeer na normaal. Tot dan sal ons geduldig wag om ons "reset"-knoppies te druk, paraat vir wat die lewe ookal nà Covid na ons kant toe gooi – ons behoort teen hierdie tyd te weet waaroor die lewe regtig gaan.



# Kontakbesonderhede

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

| | |
|---|---|
| DROOM: | 028 7132526 |
| Faks: | 028-7132526 |
| E-Pos: | ontvangs@droomriversdal.co.za |
| Web: | www.droomriversdal.co.za |

## 2021/2022-boekjaar

**Personeel:**

| | |
|---|---|
| Uitvoerende bestuurder | Mnr CJ Veldsman |
| DROOM Ontvangs en Personeel beampte | Mev M Smit |
| Finansiële beampte | Mev MG Veldsman |
| Administratiewe beampte Maatskaplike dienste-afdeling | Mev CM Victor |
| Hoof geregistreerde verpleegkundige | Sr L Botha |
| Geregistreerde verpleegkundiges | U van Niekerk |
| | L de Jager |
| Ingeskrewe verpleegkundiges | RH Ponto |
| ; | FM Vorster |
| Sosiale kreatiwiteitskoördineerder | Mej R Benadé |
| KoördineerderOnderhoudsafdeling en Beroepsgesondheid en Veiligheid (OHS) | Mnr JH Esterhuizen |
| Sosiale media (Kaapstad) | Mev LA Veldsman |

**Home Community Base Care:** (Projek wat deur Departement Gesondheid befonds word en deur DROOM bestuur word).

| | |
|---|---|
| Administratiewe beampte | Mev MG Veldsman |
| Koördineerder ingeskrewe verpleegkundige | Mej C Malherbe |
| Nie-professionele koördineerder | Mev M Jacobs |

**Etekaartjies:**

| | |
|---|---|
| Weeketes: | R50,00 |
| Sondagetes: | R60,00 |
| Spesiale etes: | Op aanvraag. |

**Gastekamer:**

| | |
|---|---|
| Een persoon: | R200,00 per nag |
| Twee persone: | R300,00 per nag (R150,00 elk) |

**Respytsorg:** Opnames is gestaak tot verdere kennisgewing